



INHOUDELIKE VERSLAG

KERKELARY

'n ekerk navorsingsverslag



Jesus - sigbaar, heelbaar, verstaanbaar

Waar en wanneer: Hoe lyk kerkbywoning van gelowiges?

Een van die mees algemene vrae onder gelowiges vandag is, "Wat is kerk?".

Die navorsing was gedoen onder die volgende ouderdomsindeling: 69% was tussen die ouderdom van 15 en 20 jaar. 24% was tussen die ouderdom van 0 en 14 jaar. 4% was tussen die ouderdom van 21 en 25 en die kleinste groep was tussen die ouderdom van 36 en 40 jaar van 0,5%. 58% van die respondente was vroulik en 42% was manlik. Terwyl die oorgrote meerderheid, 44% vanuit Gauteng gekom het. 15% het vanuit die Noord-Wes gekom. 9,5% vanuit Kwazulu-Natal, 9% vanuit Mpumalanga en 7% vanuit Limpopo. 44% 95% van hierdie mense skakel in by 'n plaaslike gemeente.

Daar was ook gevra uit watter kerkdenominasie die respondente afkomstig is. 79,80% is vanuit die NG Kerk. 12,3% is vanuit die AG. 2,4% is vanuit die Hervormde Kerk. 1,9% is vanuit die Metodiste Kerk. 1,5% is vanuit die Gereformeerde Kerk. 1% is Baptiste, 0,6% is vanaf 'n huiskerk en 0,4% is vanuit die APK.

Ons het ook gevra hoe gereeld woon hulle kerkdienste by. 86% woon weekliks kerk by, 9% woon elke tweede week 'n kerkdienst by. 2,5% van die respondente woon maanliks of minder as maandeliks 'n kerkdienst by.

Hierdie data wys dus vir ons dat ons werk met 'n klomp jong mense, primêre tussen 15-20 jaar oud uit die Noorde van Suid - Afrika wat primêr in die NG Kerk is en wat elke week 'n kerkdienst bywoon.

Gevolgtrekkings en toepassings:

- 1. Jongmense is steeds gewillig en geneë om die byeenkomste van plaaslike gemeentes by te woon.*
- 2. Die gereformeerde denominasies verteenwoordig een van die grootste komponente, ten minste wat die ekerk gemeenskap en geteikende respondente aanbetref.*
- 3. Dis steeds die gewoonte om geloofslesse en interaksies op 'n weeklikse frekwensie te inisieër en te beleef.*
- 4. Die jongmense in ons gemeentes volg in die voetspore van vorige generasies in terme van die manier van kerkbywoning en beleving van kerk.*



NG Kerk



Hervormde Kerk



Gereformeerde Kerk



APK Kerk



AGS Kerk



Methodiste Kerk



Baptiste Kerk



HuisKerk

WEEKLIKS



ELKE TWEEDE WEEK



MAANDELIKS



MINDER



HOE DIKWELS?

WAAR & WANNEER?

Relevant: tot watter mate spreek kerkwees tot gelowiges se lewens?

Deel van ons vrae oor kerk het te doen met die volgende: watter verskil maak dit in my geloofslewe as ek kerk toe gaan of nie? Is die feit dat ek deel is van 'n plaaslike geloofsgemeenskap belangrik op my reis na geestelike volwassenheid, of nie?

78,8% van die respondente hou daarvan om kerk toe te gaan terwyl 21% soms daarvan hou en die res nie daarvan hou om kerk toe te gaan nie. Daar was gevra of die respondente dink die kerk is relevant vir hulle, 66,5% het gesê dat die kerk baie relevant is vir hulle. 31,1% voel die kerk i partykeer relevant en 2% voel dat die kerk selde relevant is en terwyl die laaste 0,3% voel die kerk nie relevant is vir hulle nie.

Daar was ook gevra of die respondente onthou deur die week wat hulle tydens 'n kerkdiens geleer /gehoor/ervaar het. Hier is die meerderheid, 71% wat sê hulle onthou partykeer wat hulle by 'n kerkdiens geleer het. 22% onthou altyd wat geleer was terwyl 6,6% selde onthou en 0,4% onthou nooit wat hulle tydens 'n kerkdiens geleer het nie.

Hierdie data wys vir ons dat die jong mense baie positief is oor die kerk, maar dit hulle nie deur die week so goed en altyd kan onthou wat geleer was nie.

Gevolgtrekkings en toepassings:

- 1. Alhoewel jongmense gereeld eredienste en byeenkomste bywoon, strek die gevolg daarvan die verder as die datum, plek en tyd van die spesifieke byeenkoms nie.*
- 2. Kerkwees is steeds gereserveer vir die kerklikes tydens kerklike geleenthede en tye.*
- 3. Ontwerp bedieninge wat die buite-kerklike ruimtes van gelowiges indring, en wat kerkwees voorstel as 'n leefwyse, nie as 'n lidmaatskap nie.*
- 4. Tydens byeenkomste, lei gesprekke wat die tema ondersoek van hoe om kerk te wees, waar daar op die oppervlak geen kerk teenwoordig is nie.*
- 5. Lei gelowiges op 'n geloofspad wat die ware betekenis van "gemeenskap van gelowiges" ondersoek, buite die tradisionele grense van huis, kerk en werk.*

RELE VANT?

78,79%

JA


HOU JY DAARVAN OM KERK TOE TE GAAN?

21,04%

NEE



ONTHOU JY DEUR DIE WEEK WAT JY IN DIE KERK GELEER HET?



Vriende: hoe vind verhoudings 'n inslag in gelowiges se verstaan van kerk?

Wat is die rol wat verhoudings speel in ons verstaan van kerk?

Die respondente was gevra of hulle vriende saam met hulle kerk toe gaan. 72% het gesê dat hulle vriende saam met hulle kerk toe gaan terwyl 23% se vriende nie saam kerk toe gaan nie.

Daar was gevra wat die meeste geniet word van kerk. Die aspek wat die meeste geniet word deur ons respondente is die musiek en aanbidding, 58%. 24,7% hou van die prediking. 12,4% hou van die Sondagskool terwyl slegs 4,9% van die respondente hou daarvan om met hulle vriende en familie te kuier.


Hierdie data wys vir ons dat kerkdienste saam met vriende bygewoon en ervaar word, maar dit nie die primêre behoefte van bevrediging is vir die respondente nie. Hulle wil eerder in isolasie die musiek en prediking ervaar as om saam met vriende en familie te kuier.

Gevolgtrekkings en toepassings:

- 1. Dis duidelik dat die eenrigting kommunikasie kanale steeds die verkose mediums is waardeer jongmense kerk ervaar.*
- 2. Uitdrukings van kerk wat tegelyk vermaak en opvoed kry voorkeur bo interaktiewe ervarings waar die gelowiges as beide die toehoorders en bydraers optree.*
- 3. 'n Toeskouer mentaliteit oorskadu steeds kerkgangers se verstaan van hoe, waar en wanneer kerkwees gebeur.*
- 4. Tydens byeenkomste, stel meer interaktiewe bedieningsvorme voor, wat die ervarings, belewenisse en gewaarwordinge van die bywoners deelmaak van die aanbidding en prediking.*
- 5. In die week, moedig lede van die geloofsgemeenskap aan om meer intensioneel te wees in hulle geloofsinteraksies met beide ander gelowiges en nie-gelowiges.*
- 6. Ontwerp geleenthede en voorbeelde van hoe gelowiges op hulle eie ander mense kan intrek in diep en betekenisvolle geloofservarings en -gesprekke.*

GAAN JOU
VRIENDE
SAAM MET
JOU KERK
TOE?

VRIENDE?



Voorstelle: as ons als kon oormak, waar sou ons begin?


Ons het die laaste vraag van die navorsing gevra of daar enige voorstelle is wat die respondente vir die kerk in die algemeen vir voorstel om op te verbeter. Hulle kon hulle eie voorstelle inskryf en die sagteware was gebruik om te soek vir sekere kernwoorde wat die meeste voorgekom het. Hier is die voorstelle van die wat die meeste voorgekom het tot die wat die minste voorgekom het:

- 13,1% wil die musiek verbeter terwyl 11,4% meer opwindende wil hê asook 10,6% graag die log en aanbidding wil verbeter.
- 7,14% het uitreik as 'n voorstel gegee.
- 5,98% wil die woord jeug geskryf en 5,15% die woord kerk geskryf.
- 4,15% stel meer interessant voor.
- 3,65% wil die preke verbeter asook 3,49% voel daar moet meer betrokkenheid wees.
- Slegs 2,82% wil die preke verbeter asook 2,66% het oor kampe voorstelle gemaak.

Hierdie afdeling van die navorsing bevestig die data van die vorige afdeling, dat die jong mense die kerk sien as 'n ervaringsgedrewe entiteit en hulle voel dit moet ook verbeter.

Gevolgtrekkings en toepassings:

- 1. Dit is duidelik dat jongmense die meeste voorstelle het vir gehoor gesentreerde bedieningsmediums, synde musiek gebaseerde aanbidding en prediking.*
- 2. Lei gesprekke en inisieër ervarings wat gelowiges blootstel aan geloofsverreikende aksies wat verhoudings, interaktiwiteit en hulle eie persoonlike bedraes prioritiseer.*
- 3. Let op die behoefte na meer interessante en opwindende ervarings, sowel as op 'n groeiende behoefte vir meer betrokkenheid by plaaslike geloofsuitdrukkings.*
- 4. Skep 'n openheid vir toenemende en deurlopende terugvoer van jong gelowiges, ten einde 'n oop kanaal te ontwikkel waarder die gemeente kan bly groei en ontwikkel.*



VOORSTELLE?



www.ekerk.org | english.ekerk.org | info@ekerk.org

EKERK TENDENSE & NAVORSING

Ekerk Navorsing wil leiers en organisasies help om versigtig te luister, vinnig te leer en voluit te leef.

Deel van hierdie inisiatief is om elke maand 'n nuwe tendens te publiseer - iets wat die wêreld aan die gons het, en wat ons kan help om 'n groter impak op die koninkryk van God te kan maak. Jy kan hierdie verslae gratis aflaai, en dit gebruik net waar en hoe jy wil. Maak ook seker om aan ons nuutste opname deel te neem, of om ekerk sprekers te nooi om van ons navorsing te kom aanbied in seminaar vorm.

Elke verslag bestaan uit verskeie komponente, wat alles hieronder afgelaai kan word. Die inhoud is beskikbaar om vryelik gebruik te word in bedienings en opleiding. Die materiaal word onder 'n Creative Commons lisensie gepubliseer, wat beteken dat dit nie verander of vir kommersiële gewin aangewend mag word nie.

 **eKERK**
Jesus - sigbaar, voelbaar, verstaanbaar